
# 135 Godheid hier verborge (Adoro te devote)




Smaak, gevoel, gesig het
hier tog geen vermoë;
hier kan ek slegs luister
om in U te glo.
Ek glo in die woorde
van die Seun van God;
geen woord was ooit so waar
groter geen gebod.

Aan die kruis was godheid
vir die oog versteek;
hier is dit u mensheid
wat my oog ontbreek.
Ek bely in beide,
God en mens geloof;
Heer, wil ook aan my u
paradys beloof.

Ek kan nie soos Thomas
wonde onderskei,
maar my Heer en God kan
ek aanbid soos hy.
Trek my immer nader,
sterk in my geloof:
Ek wat hoop om U in
ewigheid te loof.

Salige herdenking
van ons Heer se dood,
*Corpus Christi*, voed my,
lewegewend brood.
Skek aan my die lewe
van u eie krag;
bron van soete vreugde,
brood waarna ek smag.

Liefdevolle Jesus
wat my siel steeds voed;
reinig my van sonde
deur u heilig bloed;
waarvan slegs een druppel
van die skuld bevry;
en vir heel die wêreld
saligheid verkry.

Jesus, hier versluier
moet ek U betrag;
wil in u ontferming
gee waarna ek smag.
Wys my, Heer, u wese
in u heiligheid;
waar U in die hemel
heers in heerlikheid.

St. Thomas van Aquino (1227-74) Gregoriaans (aangepas)